# HOëRSKOOL PRETORIA-NOORD
# BEHEERLIGGAAM


Privaatsak X05
PRETORIA-NOORD
0116
administrasie@pnhs.co.za

H/v Berglaan en Eeufeesstraat
PRETORIA-NOORD
☎ (012) 546-6590
(012) 546-9463


**Beleid vir die voortsetting van prestasiebeurse by H/S Pretoria-Noord**

1. Hierdie beurse is vir ingeskrewe leerders van H/S Pretoria-Noord wat uitmuntend presteer het op akademiese-, leierskap-, kultuur- en sportgebied. Die doel van hierdie prestasiebeurse is om voortgesette prestasie aan te moedig en te verhoed dat ander skole ons top presteerders afrokkel met aanbiedinge.
2. Die prestasiebeurse sal aangewend word as 'n afslag op skoolfonds en beperk word tot 'n maksimum van 100% afslag per jaar.
3. 'n Leerder kan 'n maksimum van 50% afslag per kategorie ontvang. Sien uitsonderings by rugby.
4. Prestasie word agteruit beloon, met die bedoeling dat 'n prestasie behaal in 'n jaar sal eers 'n prestasiebeurs vir daardie prestasie in die daaropvolgende jaar ontvang. Sien uitsondering by rugby.
5. 'n Leerder sal slegs 'n prestasiebeurs in enige kategorie kan ontvang indien hy / sy 'n akademiese gemiddeld van ten minste 50% behaal het aan die einde van die akademiese jaar waarin die leerder aan die beursvereistes voldoen het.
6. Enige skuldigbevinding tydens 'n dissiplinêre verhoor mag lei tot die onmiddellike opskorting van 'n beurs.
7. 'n Leerder moet die volle skooljaar vir die jaar waarvoor die beurs toegeken word 'n ingeskrewe leerder van H/S Pretoria-Noord wees. Indien 'n leerder die skool verlaat tydens die skooljaar sal die beurs onmiddellik opgeskort word en terugbetaalbaar wees aan die skool vir die maande van daardie skooljaar wat die leerder wel 'n ingeskrewe leerder van H/S Pretoria-Noord was.
8. Die opskorting van 'n beurs sal op die diskresie van die Uitvoerende Komitee van die Beheerliggaam beslis word.


| | |
|---|---|
| UITVOERENDE KOMITEE: | Mnr. S Samons ***(Voorsitter)***, Mnr. H Bronkhorst ***(Onder-Voorsitter)***, Mnr. CJC Driescher ***(Skoolhoof)***, Dr. LBJ Scholtz ***(Tesourier)***, Mej. H Taljaard ***(Sekretaresse)***. |
| OUERLEDE: | Mnr. C Lindeque **(Geboue en Terrein)**, Mev. T Potgieter ***(Skakeling Akademies)*** , Mnr. F Janse van Rensburg **(Veiligheid en Sekerheid)**, Mnr. S Samons ***(Leierskap)***, Adv. LD Scholtz ***(Dissipline)***, Mnr. H Roets ***(Voorraad & Toerusting)***, *Mev. A Oliver* ***(Noorderlig)*** |
| OPVOEDERLEDE: | Mev. G Prins **(Kultuur)**; Mev. A Smith ***(Bemarking)***, Mnr. F Venter |
| NIE-OPVOEDERLEDE: | Mnr. K van Rensburg ***(Sport)*** |
| LEERLINGLEDE: | **UK-Lede**: Mej. Angel Manamela, Mej. Tiphany Field en Mnr. Francois Coetzee |

9. Beurse sal toegeken word vir die volgende kategorieë:

9.1 Kategorie vir Akademiese prestasie: Die top 3 akademiese presteerders in elke graad soos bereken aan die einde van 'n akademiese jaar vir die Januarie merietefunksie, sal asvolg afslag kry na afloop van die Januarie merietefunksie: top presteerder in 'n graad: -50%, tweede beste presteerder in 'n graad: -25% en die derde beste presteerder in 'n graad: -15%. 'n Gemiddeld van ten minste 80% vir al die vakke gesamentlik moet bereik word vir hierdie toekennings.

9.2 Kategorie vir Kultuur prestasie: Die top junior en senior kultuurseun en kultuurdogter soos aangewys by die merietefunksie sal elk 'n -25% afslag op skoolfonds ontvang vir die daaropvolgende skooljaar. Die algehele kultuurwenner in die skool sal 'n verdere -25% ontvang met 'n totale maksimum van -50% afslag vir die daaropvolgendeskool jaar.

9.3 Kategorie vir Leierskap prestasie: Die twee hoofleiers soos aangewys by die merietefunksie sal elk vir die daaropvolgende skooljaar 'n -50% afslag op skoolfonds ontvang. Die vier onderhoofleiers sal elk vir die daaropvolgende skooljaar 'n -25% afslag op skoolfonds ontvang.

9.4 Kategorie vir Sport prestasie: Prestasiebeurse word beperk tot die volgende skoolsporte en provinsiale spanne Dit word ook vereis dat die leerder wat vir die beurs kwalifiseer die seisoen voor en die seisoen na die toekenning van die beurs vir die skool sal deelneem aan daardie sportsoort waarvoor die beurs toegeken word, anders sal die toekenning verbeur word.

| | | |
|---|---|---|
| Atletiek | Gauteng | -50% |
| Atletiek | Gauteng-Noord (klub) | -10% |
| Netbal | Gauteng | -50% |
| Hokkie | Gauteng-Noord | -50% |
| Swem | Skole provinsiaal (**vlak 3**) | -50% |
| Krieket | Northern Titans | -50% |
| Tennis | Gauteng-Noord | -50% |
| Sagtebal | Gauteng-Noord (klub) | -10%) |

| | | |
|---|---|---|
| Sagtebal | Gauteng | -50% |
| Landloop | Gauteng | -50% |
| Landloop | Gauteng-Noord (klub) | -10% |
| Gholf | Gauteng-Noord | -10% |
| Skaak | Gauteng-Noord | -10% |
| Jukskei | Gauteng-Noord | -10% |

10. Vanweë die eiesoortige situasie binne rugby word die volgende kriteria vir rugby gestel:
    - 10.1 Enige rugbyspeler wat in graad 7 opgeneem word in die Cravenweek A of B provinsiale span sal 100% vrystelling op skoolfonds vir sy graad 8 jaar by H/S Pretoria-Noord ontvang.
    - 10.2 Bogenoemde prestasiebeurs sal voortgesit word in graad 9, mits die speler se afrigter, hoofafrigter vir rugby en sportkoordineerder 'n gesamentlike verslag indien vir aandag die hoof en voorsitter van die beheerliggaam, aan die einde van die speler se graad 8 jaar, wat verifieer dat die betrokke speler se spelpeil nog op dieselfde vlak is of verbeter het.
    - 10.3 Enige rugbyspeler wat in sy graad 10 jaar opgeneem word in die Cravenweek A of B provinsiale span sal 100% vrystelling op skoolfonds vir sy graad 10 jaar by H/S Pretoria-Noord ontvang.
    - 10.4 Enige speler wat in sy graad 10 jaar opgeneem word in die Blou Bulle se C – E proefspanne en vir die provinsie deelgeneem het aan die inter-provinsiale proefwedstryde sal 'n -50% afslag op skoolfonds ontvang vir sy graad 10 skooljaar.
    - 10.5 Bogenoemde prestasiebeurse sal voortgesit word in graad 11, mits die speler se afrigter, hoofafrigter vir rugby en sportkoordineerder 'n gesamentlike verslag indien vir aandag die hoof en voorsitter van die beheerliggaam, aan die einde van die speler se graad 10 jaar, wat verifieer dat die betrokke speler se spelpeil nog op dieselfde vlak is of verbeter het.
    - 10.6 Vir die voortsetting van hierdie vrystellings in die graad 12 jaar moet die speler weer opgeneem word in die Blou Bulle se Cravenweek 0/19 A of 0/19 B spanne vir 100% vrystelling op skoolfonds of opgeneem word in die Blou Bulle se C – E proefspanne en vir die provinsie deelgeneem het aan die inter-provinsiale proefwedstryde vir 50% vrystelling op skoolfonds.
    - 10.7 Enige rugbyspeler wat 'n beurs ontvang het is ook onderhewig aan reëlvereistes in paragrawe 5 tot 8.

11. Hierdie beurse sal toegeken word volgens die diskresie van die Beheerliggaam van H/S Pretoria-Noord en die Beheerliggaam van H/S Pretoria-Noord sal onder geen verpligting staan om 'n beurs toe te ken nie. Die toekenning van enige prestasiebeurse by H/S Pretoria-Noord is onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse en sal jaarliks hersien word.

**Beleid vir die voortsetting van prestasiebeurse by H/S Pretoria-Noord soos aanvaar en goedgekeur**

**op hierdie** 23ste **dag van** Julie 2020.

__________________________________

**Goedgekeur namens die Beheerliggaam van H/S Pretoria-Noord**